



# Koop liewer eiendom in jou eie naam

Wees op die uitkyk vir heelwat slaggate as jy 'n eiendom in 'n kind se naam koop. Dit kan jou duur te staan kom.

**L**esers vra gereeld of dit wys is om 'n bykomende eiendom liewer in 'n kind se naam te koop. Die kort antwoord daarop is: Dit is nie 'n goeie plan nie!

Eerstens sterf mense nie in volgorde nie. Niemand wil hê sy kind moet voor hom sterf nie, maar die lewe steur hom min aan wat ons wil hê. Dink dus gerus – sommer ook in jou eie boedelplan – aan my tergende vraag aan kliënte: “Wat as die jongste lid eerste sterwe?”

Daardie bate is dan in die kind se boedel en jy het geen waarborg dat dit na jou gaan terugkom nie. Jong kinders (onder 16 jaar) het nie 'n testament nie en sterf dus intestaat. Jy as ouer sal dan net die helfte erf en jou wederhelf die ander helfte.

Dit is nie 'n yslike probleem nie, maar wat as jy en die “wederhelf” nie meer langs dieselfde vuur sit nie?

## GESKENKEBELASTING 'N TAMELETJIE

Dan is daar die probleem van geskenkebelasting. Die definisie van 'n “geskenk” ingevolge die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) sluit in die vrygewige wegmaking van eiendom, asook die vrygewige afstand doen van 'n reg.

Om vir jou kind 'n eiendom te koop, sal vir jou probleme met geskenkebelasting skep. Jy kan R100 000 per jaar vry van belasting skenk. Min eiendomme waarvan ek weet,

val binne dié prysklas.

Jy betaal 20% van die markwaarde aan geskenkebelasting; nie die waarde wat jy daarop plaas nie.

Die vraag kan ontstaan oor die afbetaling op 'n verband waarmee die eiendom aangekoop word. Kan dit nie gesien word as 'n jaarlikse skenking binne die R100 000-toelating nie? Ek meen die antwoord daarop is nee, want die kind kry die huis sodra dit in sy of haar naam oorgedra is, nie baksteen vir baksteen met die verloop van jare nie en ook nie stuk-stuk soos wat die verband afbetaal word nie.

Maar in 'n stadium wil jy daardie eiendom om die een of ander rede verkoop. En dan kan jy nie, want dit is nie jounie om te verkoop nie.

## OORWEEG 'N TRUST

As die kind minderjarig is, het jy éérs 'n probleem. Selfs as ouer, of wettige voog, kan jy die eiendom slegs verkoop as 'n hof of die Meester jou daartoe gemagtig het. En die Meester se mag is beperk tot eiendom in

Die plan om ‘in die kind se naam te koop’ is gewoonlik net ‘n gewaande belastingspeletjie en kan jou duur te staan kom.

waarde van minder as R100 000. Ons los dus maar die Meester.

Jy sal 'n hof bo redelike twyfel moet oortuig dat die verkoop van die kind se eiendom in die belang van die kind is; nie jounie nie. Jy moet spesifiek wees oor sowel die doel van die verkoop as hoe dit die kind sal bevoordeel.

Los eerder die plan om “in die kind se naam te koop”. Dit is gewoonlik net 'n gewaande belastingspeletjie en kan jou duur te staan kom.

As daar werklik 'n behoefte is om eiendom te koop tot langtermynvoordeel van jou kind(ers) en jy wil dit uit jou boedel hou, oorweeg dit eerder om 'n trust op te rig met die kind(ers) as begunstigde(s). Dan kan die trustee besluit oor die verkoop daarvan.

Hiermee net 'n woord van waarskuwing: 'n Trustee moet altyd in die belang van die begunstigdes optree. Moet jouself dus nie laat vang dat jy tóg in die hof moet gaan verduidelik waarom jy as trustee nie in die kind(ers) se belang opgetree het nie. **LBW**

*Nico van Gijzen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkte-afkoper verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*